'n Droom van God af

—deur Retah McPherson

ABBA VADER GEE VIR ONS DROME OM ONS GELOOF TE VERSTERK

Dit is nou 15 jaar ná ons motorongeluk en ons stap steeds die pad van geloof. Op hierdie lewensreis het ek werklik vir Abba Vader as my "Abba" (Pappa) leer ken – die Een wat ons liefhet en net die beste vir ons almal in die vooruitsig het. Ongeag van wat jy beleef, verander Hy dít wat jy aan Hom oorgee, tot Sy eer.

Dringend op soek na 'n natuurlike produk

Pyn en swaarkry is ongelukkig ook deel van 'n Christen se lewe. Ná 'n kolonoskopie het ek besef ek het dringend hulp nodig. Ek het 'n natuurlike produk nodig gehad wat ek elke dag kon gebruik – dringend!

As 'n baba het ek al gesukkel met my kolon. Ná jare se spring van die een produk na die ander, het ek besef dat ek een nodig het wat nie verslawend is nie en wat sagkens kan reinig en sodoende die natuurlike daaglikse roetine kan aanhelp.

'n Droom word gebore

Ek het buite die dokter se spreekkamer gebid. "Abba, waar kry ek so produk? Wat as ek nie die enigste een is wat so sukkel nie? Wie gaan dit vir ons vervaardig?" Ek het in my gees gehoor: *"Alle dinge is moontlik vir die een wat glo."* – Markus 9:23.

Net daar is 'n droom gebore. 'n Gedagte is 'n saadjie wat ontkiem en woorde word; die woorde wat ek vandag spreek, word die huis waarin ek môre woon! *"Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe …"* – Efesiërs 3:20.

Liefde vir Israel se produkte

Die gedagte het woorde geword en spoedig het die woorde 'n werklikheid geword! Die geboorte van GO-CLEAN-LIFE was 'n natuurlike uitvloeisel van my liefde vir Israel en sy kwaliteit produkte. GO-SO-CLEAN word in Israel geformuleer en vervaardig met die hoogste gehalte natuurlike produkte.

Die fases om 'n droom te bewaarheid

God gee jou 'n droom in jou hart. Jy moet kies om "ja" te sê en tot aksie oor te gaan (geloof sonder werke is dood). Drome word egter nie altyd dadelik bewaarheid nie, want daar is struikelblokke wat eers die hoof gebied moet word. Onthou om deurentyd "lewe te spreek" en om vas te hou aan: *"alle dinge is moontlik vir die een wat glo."* Ons het elke fase beleef en uiteindelik danksy die Here geseëvier.

Vandag bemark ons GO-CLEAN-LIFE in Suid-Afrika asook in Amerika!

Het jy 'n droom wat God jou gegee het?

Wat is jou droom vandag? Moenie dat die vyand jou drome steel nie. Abba Vader wag dat jy op Sy skoot klim en weer saam met Hom droom. Onthou, Hy is die Een wat die droom gee, en moenie vergeet nie – alles is moontlik vir die een wat glo! ■

"Go-Clean-Life se doelwit was om 'n geskikte natuurlike produk te vind. Almal praat deesdae van "clean eating" – om kosse in hulle natuurlikste vorm te eet. Nou bied ons jou 'n "clean tea" wat heeltemal natuurlik is. 'n Tee wat jy kan geniet en wat op natuurlikerwyse reinig."

Go-So-Clean Suurlemoen-en-Kruisementtee

"DIT BIED JOU DIE LUUKSE LEEFSTYL VAN 'N NATUURLIKE DAAGLIKSE ROETINE"

Go So Clean is 'n strelende en gerieflike tee met sagte reinigende eienskappe. Hierdie natuurlike reiniger ondersteun gereelde roetine. Navorsing toon dat baie van die ware oorsake van siekte en emosionele probleme direk verband hou met die absorpsie van giftige afval wat in jou ingewande opbou. Hanteer die probleem sagkens en doeltreffend.

BESTEL AANLYN: WWW.GO-CLEAN-LIFE.COM
SKAKEL: 064 806 5517 | E-POS: OFFICE@GO-CLEAN-LIFE.COM